Inhoud

Voorwoord ix
Van die skrywer xiii
Afkortings xvii
Redakteursnota xx

Praat van die duiwel 1
1. Stoffasie 7
2. Storm en drang 23
3. Helena 35
4. Voorspel 44
5. Vuurdoop in die koue 55
6. Apartheid voor die hof 62
7. Politiek toe 90
8. Agterbanke 98
9. Wonderboom, wêreld en werklikheid 109
10. Ambassadeur by die VN 129
11. In die wandelgang van die Weste 147
12. Minister 164
13. Sy eie styl 178
14. Stryd om die siel 193
15. Inligting en die premierstryd 217
16. "We want Pik!" 233
17. Oomblikke van waarheid 241
18. Pik en die Rhodesiërs 252
19. Skoppend en skreeuend na demokrasie 273
20. Bos 294
21. Die vredemaker van Komatipoort 307
22. Die fluksste reisagent in die bedryf 322
23. Pik van storms 342
24. By die Rubicon 367
25. 'n Swart president? 380
26. "Cowboys don't cry" 396
27. Don Juan 417
28. Nkomati in puin 427
29. Die duur avontuur 459
30. Pik, Suidwes en die res 480
31. Die Resolusie, die Kubane en die bottom line 513
32. Wind van verandering en 'n stryd in die stuurkajuit 555
33. Suidwes word Namibië 577
34. Bladskud met die Beer 595
35. Papiervliegtuigies 613
36. April, April 664
37. Die laaste dae van die Ou Suid-Afrika 679
38. Buigings 714
39. Naspel 739

Geselekteerde Bronne 831
Eindnotas 889
Register 963

Praat van die duiwel

'n Enigma, noem mense hom. 'n Raaisel.

Hoe verstaan jy iemand soos Pik Botha? Wat maak jy van 'n minister wat laatnag vir sy vriende grappa in 'n skedel skink, dolosse gooi, of op 'n banket aan 'n bos langsteelrose begin smul? Wie is hy? 'n Vuurvreter wat sy vyande koudsit en doodstaar, of die vredemaker, hul broer in Afrika?

Wanneer ken jy hom? Gebeur dit wanneer hy jou oor 'n tafel aanvat oor selfbeskikking, oorlog en vrede? Of begin jy hom verstaan in die nanag onder die sterre in die gloed van die hardekoolvuur, terwyl hy 'n vars vers uit sy pen van sy sigaretboksie af voorlees?:

Wie is ek?
'n Ruimtereisiger
'n passasier
'n dier
'n aalmoesenier
'n swerwer
jagter wat dikwels mis skiet
dief wat lieg en bedrieg
salaristrekker
grotbewoner
Afrikaner
feite-verdraaier
mens in sy herfs
grafafwagtend
gedagvaardigde verhoorafwagtende
slagoffer van my eie denke
prooi van my eie rooftog
uitgelewerde aan die noodlot
strandloper en skeepswrak
geknakte tak
rokende lamppit
skynheilige gelowige ...

Hy het dié gedig in 1985 geskryf, midde-in die tyd van binnelandse onrus en internasionale vredesonderhandelings vir Suider-Afrika.

Pik Botha Afrikaans.indb 1 2010/09/07 12:37:52 PM

"Op 'n manier," sê Chester Crocker, "het sy persoonlikheid ons altyd getref as meer as lewensgroot." Dié man met die skraal gesig, bril en krulhare het Pik genoeg in aksie gesien, in die dae toe hy Amerika se Adjunkminister van Buitelandse Sake vir Afrika was, en leier van die onderhandelinge oor Namibië en Angola. "'n Man van vele fasette," noem hy Pik.[1]

"'n Mens kry hom nie maklik in 'n paar sinne vasgevat nie," beaam Dirk Mudge, die bonkige boer en oudpolitikus van Namibië.[2]

Mudge se dae as DTA-leier lê ver agter hom, die onstuimige tyd toe hy die onafhanklikwording van sy dorre land aan sy kiesers probeer verkoop het, toe sy mense die stoele op mekaar stukkend geslaan het. Maklik was dit nie. Hy het steeds vrae vir Pik. En vrae oor Pik. "Net wanneer jy dink jy het hom, glip hy weer uit!" sê hy. Maar dan, oorwoë: "Pik is intelligent, skerp, dink op sy voete en is 'n formidabele onderhandelaar."[3]

"Die Pikkewyn?" Dis Thomas Langley aan die woord.

"Tel jou woorde!" keer sy vrou vinnig.

"Pik Botha is géén onderhandelaar nie."

Jare lank was hulle opponente – die Minister van Buitelandse Sake en Langley as die opposisiewoordvoerder oor dié portefeulje. Meer as opponente ook. "Hy kan nie punt vir punt debatteer nie," verklaar Langley. "In so 'n situasie is hy baie vinnig in 'n hoek."[4]

Aartsbiskop Desmond Tutu, die geestelike in die pers gewaad, lig 'n wenkbrou tot bokant sy bril en vryf sy hande. "Ek was teenoor hom in 'n TV-debat. Hy het nogal 'n ... prysenswaardige ... taak vermag in sy verdediging van die onverdedigbare, naamlik apartheid!"[5]

TV was nog altyd Pik Botha se kos. Iemand wat dit sal weet, is Cliff Saunders, ná byna daaglikse onderhoude met Pik. "Die moeilikheid met Pik Botha is: As jy die man een maal ontmoet het, is hy moeilik om te vergeet. Al wens jy jy kon."[6] Daaroor sal min mense stry. "Wanneer hy 'n vertrek binnekom om 'n toespraak te maak – met daardie krom skouers, die oë starend voor hom en sy 'ek's-hier-vir-besigheid'-houding, sak 'n stille afwagting dadelik op almal neer." Hy vermoed dat Pik nie net op sy voete dink nie, maar ewe goed as hy op sy kop sou staan "en boonop die gehoor oorreed om sy voorbeeld te volg!"[7]

Dit was asof Pik Botha met die portefeulje van buitelandse sake in sy hande gebore is, en van plan was om dit geslagte lank te behou, sê Leo Tindemans, die eertydse Belgiese premier.[8]

Nes Langley, het Alf Ries Pik in hulle studentejare leer ken. "Hy toor met mense," sê dié deurwinterde joernalis en voormalige politieke redakteur van *Die Burger*.[9] Dalk is dit 'n vereiste vir 'n suksesvolle politikus.

Hfst 0 PikBotha.indd 2 9/23/10 6:29:57 AM

— 26 —

"Cowboys don't cry"

Pik Botha is beslis een van die duursaamste Suid-Afrikaanse politici, is kort ná die swartpresident-bohaai geskryf. Want Pik het teen sy gewone vaart voortgewerk en volgens diplomatieke personeel was Suid-Afrika se verhoudings met buurstate die beste sedert sy aanstelling as minister.[1]

Die skrobbering in die Parlement was egter net die inleiding tot 'n jaar van terugslae. In Maart 1986 is hy Europa toe vir samesprekings met leiers soos mnr. Hans-Dietrich Genscher, dr. Chester Crocker en Frank Wisner, Amerikaanse Adjunkminster van Buitelandse Sake.

P.W. Botha het die reis wantrouig gemagtig: "As jy sulke goed sê terwyl jy in die land is, hoe moet ek weet wat jy in die buiteland gaan sê?"

"Meneer," het Pik geantwoord, "dis 'n kans wat jy vat. As ek nie gaan nie, kan ek nie my funksie as Minister van Buitelandse Sake vervul nie."[2]

Só is Pik en Helena met hulle geselskap oorsee, in die tyd van Halley se langverwagte komeet, wat aan die suiderhemel skaars 'n ligsweempie was. Onderweg na Frankfurt vir die ontmoeting met Wisner moes die vliegtuig op Athene land. Die loods het die vliegtuig lank oor die stad laat sirkel om die passasiers die beste blik te gee op die komeet wat een maal in 'n leeftyd verskyn.

Van altyd af het Pik 'n ding oor die hemelliggame gehad. En nou was die antieke stad waarvan sy pa Frikkie hom vertel het reg onder hom. Athene het byna dieselfde ideale nagestreef as sy vyand Sparta, het Pik in die Griekse naghemel gemymer. Maar die twee beskawings het verskillende style gehad en hulle het mekaar vernietig. Dit moes tog 'n les vir sy eie land inhou? Suid-Afrikaners strewe na vrede, al verskil hulle benadering daartoe hemelsbreed. Hoe gouer almal in die land besef dis onafwendbaar dat hulle saamwerk, hoe beter, was sy slotsom.

"'n Hoop het in my opgevlam dat almal in Suid-Afrika in vrede sal leef wanneer Halley se komeet oor 76 jaar weer oor ons hang."[3]

Pik Botha Afrikaans.indb 396 2010/09/07 12:38:43 PM



'n Perskonferensie ná 'n ontmoeting met Kurt Waldheim, 24 Junie 1977.

By pous Johannes Paulus II, Oktober 1979. "Ons het persoonlike rapport gevind."

Gesprekke in die veld met Henry Kissinger (voor links) en Magnus Malan (voor regs).